




**TOERISME
KWARTAAL 2**

GRAAD 11

Onderwerp: Buitelandse Valutaverhandeling

BEGRIPPE:	
<p>Valuta</p>	<p>Geld, in die vorm van papier of muntstukke, wat as ruilmiddel vir goedere en dienste gebruik word.</p> 
<p>Plaaslike valuta</p>	<p>Die geldeenheid wat deur 'n bepaalde land waar die transaksie plaasvind gebruik word.</p> 
<p>Buitelandse valuta</p>	<p>Die geldeenheid of geldeenhede wat nie aan jou land behoort nie.</p> 

Buitelandse valuta-verhandeling

Valutaverhandeling is om een geldeenheid vir 'n ander geldeenheid te ruil.


Wisselkoers

Die wisselkoers is die waarde van 'n geldeenheid in verhouding tot ander geldeenhede.

Die wisselkoers (Eng RoE) bepaal hoeveel buitelandse valuta jy ontvang as jy jou geld wissel.

1 United States Dollar equals

18,59 South African Rand

16 Apr, 12:12 UTC · Disclaimer

United States Dolla▼

South African Ranc▼



= R 18.59

1 Euro equals

20,24 South African Rand

16 Apr, 12:14 UTC · Disclaimer

Euro ▼

South African Ranc▼



= R 20.24

Wisselkoers-skommelings

Veranderinge/skommelings in die waarde van die geldeenheid in verhouding tot die ander geldeenheid.

1 Euro equals

20,15 South African Rand

16 Apr, 12:34 UTC · Disclaimer

Euro ▼

South African Ranc▼

1D 5D 1M 1Y 5Y Max









**Belangrikste
geldeenhede
van die wêreld,
hulle
valutakodes
en simbole**

- Buitelandse valuta eenhede word met 'n **drie-letterkode** uitgebeeld
- Die eerste twee letters verwys na die naam van die land en die 3de letter verwys na die geldeenheid
- Die meeste geldeenhede het ook 'n simbool om die geldeenheid aan te dui

NZ	D
Country Name	Currency Name

\$
€

¥
£

GELDEENHEID	KODE	SIMBOOL
VS DOLLAR 	USD	US\$
EURO 	EUR	€
BRITSE POND 	GBP	£
JAPANESE YEN 	JPY	¥
AUSTRALIESE DOLLAR 	AUD	AU\$
SUID-AFRIKAANSE RAND 	ZAR	R

Fasiliteite waar buitelandse valuta verwissel kan word

- Handelsbanke (Nedbank, Standard Bank, ABSA, FNB, Bidvest ens.)
- Buitelandsevalutahandelaars soos Rennies Travel
- Valutaruiling-kiosks by lughawens
- Bureaux de change
- Vername hotelle en aanboord toerskepe
- Alle gemagtigde handelaars moet oor alle geld wat die land binnekom en verlaat aan die SA Reserwe bank verslag lewer
- Dokumente wat benodig word om buitelandse valuta te ruil: vir reisdoeleindes moet jy aan die handelaar jou paspoort en kaartjie of e-kaartjie verwysingsnommer verskaf.

Hoe bevoordeel geld wat bestee word deur inkomende internasionale toeriste die plaaslike mense? Direk en indirek - die vermenigvuldiger-effek

- Die vermenigvuldigereffek is wanneer geld, wat deur toeriste spandeer word, deur die ekonomie syfer en daardeur werkers en besighede bevoordeel



Toeriste spandeer geld as hulle reis.

Hierdie geld gaan in die plaaslike ekonomie in.

Hierdie geld word deur plaaslike besighede spandeer om goedere aan te koop en werknemers te betaal.


Hierdie her-spandering van die geld brei die plaaslike ekonomie uit en skep die vermenigvuldiger effek.

Interpreteer 'n valutakoers bladsy van 'n buitelandse valuta-verhandelings-kantoor

- 'n Wisselkoersbladsy is 'n lys van die wisselkoerse (RoE) waarteen buitelandse valuta gekoop en verkoop word.
- Hierdie koers sal bepaal hoeveel buitelandse valuta jy sal ontvang as jy jou geld wissel.

WISSELKOERS				
Geldeenheid	Kode	Simbool	Bank Koop	Bank Verkoop
V.S. DOLLAR	VSD	\$	18.14	19.14
BRITSE POND	GBP	£	22.56	23.94
EURO	EUR	€	19.55	20.89
AUSTRALIESE DOLLAR	AUD	\$	11.19	12.38
JAPANESE YEN	JPY	¥	0.17	0.18

Rond af tot twee desimale plekke



Skakel die belangrikste geldeenhede om na Suid-Afrikaanse rand

VERMENIGVULDIG met die wisselkoers bv.
 £150 na ZAR:
 $£150 \times 22.56 = R3\ 384.00$

Skakel Suid-Afrikaanse rand om na 'n geselekteerde geldeenheid

DEEL deur die wisselkoers bv.
 R150 na VSD:
 $R150 \div 18.14 = VSD8.269018743$
 $= VSD8.27$